Duisend Jaar Vrederyk

Die Duisend Jaar Vrederyk gaan begin na die verdrukking nadat Jesus die Anti Chris en sy volgers in Armageddon verslaan het.

Gedurende die Duisend Jaar Vrederyk gaan Jesus se troon in Jerusalem wees wat ook die ontmoetingspunt tussen die hemel en aarde gaan wees en dus die sentrum van goddelike wysheid, gesag en geregtigheid (Jes. 2:2-4; 24:23; Sag. 8:22). Jerusalem sal spontaan deur almal as hoofstad van die wêreld erken word.

Openbaring 20:1-3 sê vir ons dat satan in die begin van die Duisend jaar Vrederyk gebind gaan word en daarby nie by magte gaan wees om die mense te versoek nie. Dit gaan beteken dat daar geen geweld of oorloë meer gaan wees nie. Geen militêre opleiding of wapen vervaardiging sal voorkom nie. Ander vorms van sonde sal ook verdwyn en die hele wêreld sal slegs die Christelike godsdiens erken en aanhang (Jes. 11:9).

Daar gaan mense wees wat die verdrukking gaan oorleef. Hierdie gaan volgens Sagaria 14:16-17 ongeredde mense wat nie die merk van die Antichris aanvaar het of sy beeld aanbid het nie. Uit hierdie mense volgens Jesaja 27:6, gaan die wêreld se bevolking weer opgebou word totdat die aarde se bevolking weer groot gaan wees soos voor die verdrukking. Hierdie mense gaan uit die aard van die saak sterflike mense van vlees en bloed wees. Omdat hulle ongered gebore gaan word gaan hulle gered moet word om werklik aan God te behoort.

In Openbaring 12:5 en in Openbaring 19:15 word gesê dat Christus die nasies gedurende die Duisend jaar Vrederyk met ‘n ystersepter sal regeer. In hierdie toekomstige koninkryk sal Jesus se getroue diensknegte, die wat voor die verdrukking weggeraap was, saam met Hom as konings regeer (Openbaring 2:25-27 en Openbaring 5:9-10).

Ten spyte daarvan dat satan gebind gaan wees en nie meer die mense sal kan verlei nie sal die mens nog steeds ‘n afvallige natuur hê. Dit sal nog steeds ‘n geval wees van: “die gees is gewillig, maar die vlees is swak” (Matt. 26:41). Om dissipline toe te pas gaan die rol van die regters wees. Die regters gaan Christene wees wat na die wegraping gered gaan word, maar omdat hulle geweier het om die Antichris se merk te aanvaar of sy beeld te aanbid gaan hulle gedurende die verdrukking gedood word. Omdat hulle bereid was om vir God te sterf gaan hulle as regters aangestel word om die mense te oordeel. In Openbaring 20:4 lees ons dat hierdie mense saam met Christus op aarde gaan regeer vir die volle duisend jaar lank.

Gedurende die Duisend jaar Vrederyk sal mense hoë ouderdomme bereik as hulle gered is en God as verlosser aanvaar het. Iemand wat nie gered word voor hy 'n 100 jaar oud bereik nie, sal op 100 jarige leeftyd met die vloek getref word en sterf. Enige iemand wat onder 'n 100 jaar oud is, sal in daardie dae as ‘n kind beskou word. (Jesaja 65:20-23)

Die natuur, wat as gevolg van die sondeval aan die nietigheid onderworpe is, sal herstel word (Romeine 8:19-22; Jes. 41:18-20). Harmonie sal in die diereryk heers, omdat die Here ‘n nuwe verbond met alle diere sal sluit (Jesaja11:6-9, 65:25; Hosea 2:17).

Tye van ekonomiese voorspoed sal aanbreek (Amos 9:13-14; Joël 3:18). Daar sal ten volle ontwikkelde, ekonomies voorspoedige gemeenskappe wees (Jesaja 65:21-23). Dit sal ‘n tyd van seën, oorvloed, blydskap in die Here en vrede op aarde wees. Israel sal dan sy volle potensiaal as volk van God vervul en ‘n nasie wees waardeur die Here die hele aarde sal seën.

Om die ongeredde mense te evangeliseer, sal die taak van die geredde Israel wees. Hulle sal die evangelie na alle nasies uitdra. Volgens Openbaring 20 is dit duidelik dat daar gaandeweg al hoe minder mense van die opkomende geslagte gered sal word. Wanneer satan aan die einde van die Duisend jaar Vrederyk vir ‘n kort tydjie losgelaat word, sal die wat nog nie gered is nie volgens Openbaring 20:7-9 dadelik in sy mag val. Die Bybel sê vir ons dat hulle in opstand gaan kom teen God en die heilige stad Jerusalem gaan omsingel. Hulle gaan so baie wees soos die see van die strand. God gaan hulle egter met vuur uit die hemel vernietig. Hulle gaan saam met satan in die poel van vuur gewerp word saam met die wêreld leier en sy vals profeet.

Hierna sê die Bybel vir ons gaan die finale oordeel kom. Almal wat op aarde gesterf het en nie die HERE aangeneem het as Saligmaker nie, sal uit die dood opstaan om vir een laaste keer geoordeel te word volgens hulle werke. (Openbaring 20:12) Almal wie se name nie in die Boek van die Lewe geskryf was nie, was in die poel wat brand met vuur en swael gegooi. Dit sal die tweede dood wees.